

Source: VOLKSBLAD

Date: 03-Aug-2005

Topic: 25

Ref No: 4000



1

ID: 03243865-01

Source Page: 8

Onverdraagsaamheid

Geloof word só oneer aangedoen

SAKE VAN DIE DAG

deur Jonathan
Jansen



EK was by wyse van spreke toevallig tussen die twee bomepisodes wat Londen geskud het in die Verenigde Koninkryk. 'n Mens sou egter nie uit die florerende handel, die duisende toeriste asook die volgepakte openbare vervoer kon aflei dat hierdie kosmopolitiese stad in die greep van 'n terroriste-aanslag was nie, totdat jy die koerante gelees of TV gekyk het.

Eers dan het jy bewus geword van 'n diepliggende ans by die Britte; nie soseer oor wat gebeur het nie, maar eerder oor die feit dat so iets wel kon gebeur. Waarom, vra die media, sou liewe, Britse middelklas-seuns hul eie mense wou opblaas?

Die wyse waarop hulle hierdie vraag beantwoord, is enersyds teleurstellend en andersyds potensieel destruktief. Hierdie jong manne, so beweer die pers, is Al-Kaïda-gesinde werkslui met een gemeenskaplike oogmerk: "om ons lewenswyse te vernietig".

Ek het my terstond 'n jong groep radikale rampokkers probeer voorstel, kliphard besig om Londen te bombardeer; hul missie synde "Haal, ouens, kom ons vernietig die Britse leefwyse!" Watter onsin.

Hierdie terroriste is in bepaalde opsigte die produk van goeie opvoeding. Hulle weier om die wêreld deur die stukgies-en-brokkies-lens van die Weste te beskou.

Hierdie boewe verbind kolletjies van Kosovo tot Palestina tot Bagdad en Guatanamobaai en bespeur dan 'n sistematiese aanslag teen 'n groep

mense wat die naam "Moslems" dra.

Hulle het gehoor van George W. Bush se selfverklaarde "kruisvaart" teen Moslemnasies en hulle lewer getuienis van Franklin Graham se uitbeelding van Islam as 'n bose en gewelddadige godsdiens. Hulle sien die skynheiligheid raak onderliggend aan morele woede oor minder as 60 mense wat gesterf het in die eerste bombardering van Londen, terwyl daar geen ooreenstemmende morele woede is nie oor die meer as 150 000 Irakiërs wat aan die hand van sowel Oosterse as Westerse insurgente gesterf het. Tragies genoeg is hul respons tot hierdie verwantskapspektief op die wêreld een van haat en geweld.

Dit is met hierdie konteks in gedagte dat ek my diepste ontsteltenis wil uitspreek oor 'n verfoeilike daad van geweld teen Moslems op die kampus van die Universiteit van Pretoria.

'n Regsgesinde evangelis besoek onlangs die kampus en publiseer 'n pamflet getitel *Die Einde van Islam*. Dit het erge woede onder Moslemstudente ontken, gerugsteun deur enkele stemme uit die breër Moslemgemeenskap. Wat selfs meer onrusbarend was, was die stemme ter ondersteuning van die pamflet wat uit die sogenaamde Christen-gemeenskap opgegaan het. 'n Afrikaanse hoofartikel het boonop ewe opgetoë die neutrale akademiese speletjie gespeel en gesuggereer dat hierdie aangeleentheid 'n kwessie van spraakvryheid was.

Stel jou voor dat 'n radikale Moslem-geestelike uit 'n ander land die Tukkiekampus besoek en 'n pamflet uitreik, naamlik *Die Einde van die Christendom*. Dieselfde vals stemme van redelikheid sou moord en brand skree, daar sou 'n massiewe lawaai van die kant van die konserwatiewe kerke wees oor die bedreiging van hierdie universiteit se Christelike etos en

daar sou xenofobiese kommentare wees oor vreemdelinge wat die vrede kom versteur.

Die steun van sogenaamde Christene aan anti-Moslem-sentimente, ontvonk deur hierdie verstandelose Amerikaanse evangelis laat ernstige vrae by my ontstaan oor die betekenis van geloof by Suid-Afrikaanse Christene.

Hoofstroom Suid-Afrikaanse Christene maak my bang. Hulle word binne 'n oogwink gemeen, vuilbekkig en aggressief teenoor wie ook al dit durf waag om van hulle te verskil – soos Moslems. Diegene wat die Amerikaanse evangelis verdedig het, is afkomstig van dieselfde spul wat vir soveel dekades ruim bewyse in die Skrif gevind het vir die teologiese regverdiging van apartheid. Met ander woorde, dis 'n groep regsgesinde godsdienstige dwepers vir wie geloof nie juis verband hou met die God van die Bybel nie, behalwe wanneer hulle sy beeld verdraai en sy boodskap verwring.

Wat die Irak-oorlog George W. Bush hopelik leer, is dat mense nie tot onderdanigheid gebombardeer kan word nie. Wat die Londense bomaanvalle Tony Blair hopelik sal leer, is dat daar mense is wat weier om 'n leuen te glo. En wat die Tukkie-insident Suid-Afrikaners hopelik sal leer, is dat evangeliste wat met soveel vyandigheid jeens ander gelowe, soos Islam, met Christelikheid smous, niks meer vermag as om die saad van haat en verdeling in 'n baie brose demokrasie te saai nie.

As 'n Christen neem ek aanstoet oor die dade van hierdie dwepers. Soos ek in 'n vorige rubriek probeer sê het, is dat my geloof as 'n Christen versterk word wanneer dit ruimhartig en akkommoderend is. Wanneer dit onverdraagsaam en arrogant is, word dit 'n oneer aangedoen.